



Bou ons kinders vir môre

Konfirmasie 1

**Lestitel: Godsdienst vir die ontslapenes**

# 'n Ouerhandleiding

Sondagskooltuisonderrig



# Liewe Ouer

Welkom by die les: “**Godsdien vir die ontslapenes**”

Hierdie dokument gee u 'n basiese handleiding oor hoe die les aangebied kan word.

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Hier volg 'n paar wenke vir voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
1.	Verkry toegang tot die webtuiste van die Nuwe Apostoliese Kerk deur die volgende in te sleutel of deur op die volgende WhatsApp-skakel te druk: <a href="https://bit.ly/3NACSSHS">https://bit.ly/3NACSSHS</a>
2.	<p>Versamel die volgende hulpmiddels om te verseker dat u vir die les gereed is:</p> <ul style="list-style-type: none"><li>• Bybel</li><li>• Die les in PDF-formaat wat reeds voorberei is</li><li>• Kind se werkboek, potlode, kryte, ens.</li><li>• Die kort video, wat 'n addisionele / opsionele hulpmiddel is</li><li>• Kategismus in Vrae en Antwoorde (veral vir Konfirmasie)</li></ul> <p><b>Nota:</b></p> <p>2.1: Die ideale tyd om die les aan te bied is na die Sondagoggendgodsdien, om sodoende in lyn met die normale Sondagskooltyd roetine te behou.</p> <p>2.2: Hou die les so bondig (kort) moontlik. Hou die aandagspan (om te fokus op die les) van ons kinders in gedagte. U ken u kind die beste! Normaalweg duur Sondagskool nie langer as 45 minute nie.</p> <p>2.3: Die les is vir 'n spesifieke klas (Sondagskool (SS), Godsdiensonderig (RI) of Konfirmasie (Conf)).</p> <p>2.4: Kontak gerus u Konfirmasieonderwyser indien u ondersteuning vereis of van bogenoemde hulpbronne benodig.</p>
3.	Bid (sien die gebed aan die einde van hierdie dokument) en vra God om u as instrument te gebruik om die les aan te bied soos Hy dit wil hê.



## Bied 'n Sondagskoolles tuis aan

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Ons gaan voort om 'n paar wenke te gee rakende voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
4	Skep 'n aangename en steurnisvrye leeromgewing waar u en die kind / kinders op dieselfde vlak kan wees. <b>Voorbeeld:</b> Sit op 'n mat of om 'n tafel.
5	Lees die les deur. Lees weer deur die les sodat u dit verstaan. Kyk na die kort video van die les om 'n beter begrip van die les te kry.
6	Maak vir jouself aantekeninge oor belangrike punte wat jy graag wil onthou.
7	Verstaan die doelwit van die les, wat deur u kind onthou moet word.
8	Bied die les vir u kind aan.
9	Wys vir jou kind die video en bespreek die betekenis daarvan.
10	Verwys u kind na die aktiwiteit in die kind se werkboek (Ek wil ook ...)
11	Bid of vra u kind om te bid om sodoende die les af te sluit.

### Beskikbare hulpmiddels vir tuisonderrig

Hiermee 'n paar hulpmiddels om die gehalte van die les te verbeter:

1. Gesels via WhatsApp met 'n ander Sondagskoolfamilie.
2. Bespreek die les met ander ouers om duidelikheid te kry voordat dit aangebied word.
3. Dit staan u vry om self navorsing te doen vir addisionele(ekstra) inligting.



## Die Les

**Lestitel**

Godsdiens vir die ontslapenes

**Lesdoelwit**

Die konfirmante weet dat hulle deur hul gebede vir die ontslapene siele kan help met die verlossingswerk.

## Lesopsomming:

### **1. Lasarus en die ryk man**

Onthou jy die verhaal van Lasarus en die ryk man? Die ryk man het elke dag 'n gemaklike lewe geniet. Lasarus, aan die ander kant, was 'n arm man wat moes lewe van die stukkie wat van die ryk man se tafel afgeval het. Toe die twee sterf, was Lasarus by Abraham. Die ryk man het egter in 'n ryk gegaan waar hy in pyn gely het. Toe hy Lasarus saam met Abraham in die verte sien, het hy geskreeu: "Vader Abraham, wees my barmhartig en stuur Lasarus, dat hy die punt van sy vinger in water kan insteek en my tong verkoel; want ek ly smarte in hierdie vlam." (vgl. Luk. 16: 19–31).

### **2. Die verskillende ryke in die hiernamaals**

- As mense sterf, gaan hul siel na die ontslapeneryk wat met die toestand gedurende hul leeftyd ooreenstem. As 'n dief byvoorbeeld sterf, gaan hy die ryk binne as 'n dief.
- 'n Persoon se siel ondergaan geen verandering as gevolg van fisiese dood nie.
- Die siel dra ook steeds die las van al die sondes wat nie vergewe is nie.
- Die ontslapenes kan bewus word van hul toestand en diegene wat ly kan op hulp hoop.
- In die hiernamaals vind ons ook diegene wat in Jesus Christus gesterf het.
- Hierdie groep sluit ook diegene in wat die sakramente in die hiernamaals ontvang het. Hulle wag ook op die wederkoms van Christus en berei hulle daarop voor.

### **3. Hulp vir onverloste siele**

- Sedert die offer van Jesus Christus was dit moontlik om die toestand van die siele in die hiernamaals ten goede te verander.
- Na die dood van Jesus Christus het Hy na die doderyk gegaan en daar gepreek (1 Petrus 3: 19–20).
- Daarom kan 'n mens ook selfs na liggaamlike dood verlossing kry.
- Ons wil ook by ons Hemelse Vader pleit om die onverloste siele in die hiernamaals te help.
- Ons gebede vir hierdie siele is 'n aanduiding van ons liefde vir ons medemens.

### **4. Godsdiens vir die ontslapenes**

- Siele in die hiernamaals word na elke godsdiens uitgenooi.
- Die offer van Jesus Christus bied vrye toegang tot redding vir elke siel wat verlang na verlossing.
- Drie keer per jaar (op die eerste Sondag van Maart, Julie en November) is daar godsdienste vir die ontslapenes waarin die sakramente aan hulle bedien word.
- Gedurende die godsdiens hoor hierdie siele ook net soos ons die woord van God.



- Na die vergifnis van sondes en die viering van Heilige Nagmaal bid die dienskneg 'n spesiale gebed wat op die siele fokus.
- Die stamapostel, distriksapostel of 'n apostel sal dan die sakramente vir die ontslapenes bedien.
- Siele wat nog nie gedoop is nie, kan eers die Heilige Doop ontvang.
- Die gawe van die Heilige Gees word uitgestort vir diegene wat daarop voorbereid is.
- Daarna word Heilige Nagmaal vir die ontslapenes bedien.
- Twee diensknegte dien as gevolmagtigdes (verteenwoordigers) vir die ontslapenes tydens die bediening van die sakramente.
- Wat hierdie siele ervaar deur die sakramente en die woord, sal 'n uitwerking hê op die toestand van hul siele in die hiernamaals.

#### **5. Hoe kan ons die siele in die hiernamaals help?**

- Ons sluit die siele in die hiernamaals in by elke gebed.
- Voor 'n godsdienst vir die ontslapenes, bid ons spesiaal vir hulle.
- Ons vra die Here om hulle te help en bid dat die siele in Jesus Christus sal glo en dat hulle ontvanklik sal wees vir die verlossing wat God bied.

## **Wat beteken hierdie les vandag vir ons?**

- Daar is hulp vir onverloste siele.
- Die woord en sakramente is vir ons belangrik hier op aarde, maar so ook vir die siele in die hiernamaals. Daarom is die godsdienst vir ontslapenes belangrik.
- Ons kan ons rol speel deur vir die siele in die hiernamaals te bid.

## **Sommige vrae wat ons kan vra:**

### **1. Kan ek kontak maak met die ontslapenes?**

*Antwoord: Deur die ontslapenes te onthou en vir hulle te bid, het ons 'n verbintenis met hulle.*

### **2. Wat van om na 'n medium of mense te gaan wat sê dat hulle met die ontslapenes kan kommunikeer?**

*Antwoord: Die poging om kontak te maak met die ontslapenes (deur 'n medium of swartkuns "black magic") word deur God verbied. In Deuteronomium 18: 10-12 staan daar: "daar mag niemand by jou gevind word wat .....met waarsêery, goëlery of met verklaring van voortekens of towery omgaan nie, of wat met besweringe omgaan, of wat 'n gees van 'n afgestorwene vra of 'n gees wat waarsê, of wat die dooies raadpleeg nie. Want elkeen wat hierdie dinge doen, is vir die Here 'n gruwel".*

### **3. Is daar 'n reïnkarnasie van die dooies?**

*Antwoord: Nee. Elke opvatting van herhaalde lewens wat op een aarde geleef word, hetsy as mens, dier of plant, weerspreek die uitsprake van die Bybel en dus die inhoud van die evangelie: "En net soos die mens bestem is om een maal te sterwe" (Hebreërs 9: 27) .*



**'n Gebed vir Pappa en Mamma om voor die les te bid:**

Almagtige God, baie dankie vir hierdie dag

Seën alle ouers en kinders

Mag ons u teenwoordigheid aanvoel

Seën die les wat ons gaan hê

Leer ons hoe om U te dien

En help ons om U wil te doen

Sodat ons nader aan U groei

Stuur Jesus om ons te kom haal

En mag ons gereed wees om Hom te ontmoet

Amen



notas

notas